Lees vir genot 14

# Lees van maniere om sukses met groepwerk te behaal

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Toe die ganse van die Kanadese kus vertrek, was daar 'n krysende geskarrel. Maar binne 'n paar sekondes het 'n patroon soos 'n lyn duidelik begin word uit die massa bruin vere. Die lyn het reguit geword en toe skerp gebuig om 'n perfekte V te vorm. Ganse vlieg in so 'n V-formasie sodat hulle vinniger kan beweeg en langer kan vlieg as wat 'n enkele gans sou kon doen.

Wanneer 'n gans sy plek in die formasie begin verloor, bespeur hy dadelik die vertraging as hy alleen vlieg en hy keer gou na die formasie terug waar hy voel hoe die voël voor hom hom in sy sleurstroom oplig.

Sodra die voorste gans moeg word, val hy terug en 'n ander gans neem die leiding oor. Al die ganse snater van agter om die voorstes aan te moedig om hulle spoed vol te hou. Indien 'n gans siek, of te moeg raak, en die formasie moet verlaat, begelei twee ganse hom na die grond om hom te help en te beskerm.



1. Dink jy ons kan iets van hierdie verstommende diere leer? Gee 'n rede vir jou antwoord.
2. Waarom sou ganse die formasie verlaat?
3. Wat doen die ganse om die vlug (die groep ganse) aan te moedig om die formasie se spoed vol te hou?
4. Word ganse soms deur die groep agtergelaat? Waarom dink jy is dit so?